Expressions of worship in our Meetings.

"sing in the spirit" "Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing" 1 Cor 14:15 Wanneer iemand in die gees bid of sing, is sy verstand onvrugbaar v14 dit is dus duidelik dat om in die gees te sing beteken om in tale sing.

"follow in unity" Tydens aanbidding en Lofprysing in die OT, het daar van tyd tot tyd iemand die dans gelei, almal het dan dié persoon se bewegings gevolg. Exo 15:20 Daar is geweldig baie krag in eenheid, veral as almal saam op 'n gegewe oomblik 'n beweging saam uitvoer.

"freeworship" Daar is verskillende uitdrukkings van Lof, waar elke individu elkeen sy eie lof aan God bring soos wat hy of sy gelei voel. Bv. Loof God net met jou liggaam, sonder woorde. "1 Cor 14:26" Wel, liewe broers en susters, kom ons vat saam. As julle bymekaarkom, kom die een met 'n loflied, die ander een wil oor 'n saak onderrig gee, nog 'n ander een wil vertel van 'n openbaring wat hy of sy ontvang het, nog een wil in tale praat en 'n ander een wil dit uitlê. Goed so, maar laat alles so gedoen word dat dit tot opbou van die gemeente dien. 1 Cor 14:3, 5, 12.

"Prophetic action" Sommige kere het die Here die profete gelei om hulle boodskap met 'n aksie uit te beeld. Eze 4:6; Jer 13:1-11 Soms demonstreer ons saam as gemeente dit wat God vir ons almal probeer sê, of ons doen 'n sekere beweging in die geloof as 'n tipe van deklarasie van waarheid. Soos Esegiël, wat tot die dooie bene moes profeteer. Eze 37

"ministry time" Die liggaam van Christus bestaan uit lewende stene, waarvan elke lid 'n gawe van God ontvang het om met ander te deel, tot stigting, opbouing en bemoediging. Ons gee graag geleentheid waar mense vir mekaar kan bedien, verniet het jy ontvang verniet gee ons weer uit! Mat 10:8 Let wel dat geen profetiese rigtinggewende profesie aan iemand gebring mag word sonder dat iemand in leierskap dit nie beoordeel nie. 1 Cor 14:29

"time to reflect, meditate, listen" Be still, and know that I am God Ps 46:10 Luister na God se stem in jou Gees, en skryf dit nou neer. Die begrip "selah" wat verskeie kere voorkom in Psalms, is waarskynlik 'n liturgiese pause of wag periode" bv. kom ons dink na oor wat ons gesing het. Sommige Bybel verklaarders vergelyk die Selah begrip met lig die oë op, of buig neer en wy jou toe aan God.[1]

---

[1] Wiseman, D. J. (1996). Selah. In D. R. W. Wood, I. H. Marshall, A. R. Millard, & J. I. Packer (Eds.), *New Bible dictionary* (3rd ed., p. 1074). Leicester, England; Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

“testimony time” Getuienis is belangrik vir die persoon wat getuig sowel as dié wat luister. Almal se geloof word versterk deur ’n getuienis.

“New Song” Ps 33:3; 40:3; 96:1; 98:1; 149:1. ‘n nuwe lied is ’n skepping wat op die oomblik in die Gees gebeur, die lirieke sowel as die melodie. Soms kan ons nie ’n bekende “known song” vinnig genoeg kry wat uitdrukking gee aan wat die Gees nou wil doen of sê nie. Hierdie tipe lofprysing is meestal ook profeties van aard.